

PERSVRYSTELLING

DIE NG KERK DRING AAN OP AKSIE TEN OPSIGTE VAN DIE KULTUUR VAN GEWELD IN DIE SUID-AFRIKAANSE SAMELEWING

Die NG Kerk is diep bewus van die kompleksiteit van misdaad en geweld in Suid-Afrika. Internasionaal is dit aan die toeneem en Suid Afrika deel in hierdie tendens. In ons eie situasie vererger faktore soos armoede en werkloosheid die probleem. Begrip vir hierdie faktore beteken egter nie dat ons die omvang en intensiteit van misdaadvlakke wat ons tans sien nie, wil regverdig nie.

Ons sien en ervaar die impak daarvan op passasiers wat op treine beroof en afgegooi word; polisielede wat vermoor word; 'n kind wat vlak voor haar skool uit haar ma se hande geruk en ontvoer word, 'n plaasboer en sy vrou wie se voete in kookwater gedruk en voetsole afgesny word; vragmotors wat aan die brand gestek word, mense wat die afgelope weke sinloos en wreed vermoor is soos die student wat 'n pakkie by die poskantoor gaan afhaal, gesins- en huishoudelike geweld waar 'n pa sy kinders ophang, grootskaalse geweld teen vroue en kinders. Die spiraal van geweld lyk onomkeerbaar.

Geweld druis direk in teen die menswaardigheid van mense, asook die regte van mense soos dit neerslag vind in ons Grondwet. Die wese van ons demokrasie word ernstig bedreig. Vir ons as Christene kom die ganse boodskap van die Evangelie in gedrang.

Die drastiese toename in geweld en misdaad die afgelope tyd vra vir dringende aksie van die kerk en samewerking met ander rolspelers rondom die saak. Terwyl ons waardering het vir wat gedoen word en begrip het vir die dilemmas waarmee die owerheid en wetstoepassers soms sit, hoor en sien ons nie 'n sterk genoeg "nee" vir misdaad en geweld nie. Die houding van geen-toleransie teen enige vorm van misdaad, hoe groot of klein ookal is nie ferm genoeg nie.

Die kerk is bewus daarvan dat die owerheid nie op hul eie die hele probleem kan oplos nie. Die burgerlike samelewingsverbande, waarvan die kerk deel is, sal verantwoordelikheid vir eie gemeenskappe moet aanvaar.

As NG Kerk wil ons onself verbind om saam met ander kerke en instansies te werk aan die vorming van 'n samelewing met duidelike en sterk morele en gemeenskapswaardes. Daarom glo ons dat ons nou:

- Introspektief onself moet af vra tot watter mate ons onbedoeld deur ons kerklike praktyke, aanames en gewoontes die huidige kultuur van geweld in stand hou.
- Moet vra of die kerk se teologie van menswaardigheid genoegsaam ontwikkel is en gepraktiseer word om patriargie teen te staan.
- Saam met ander kerke strategieë moet bespreek en planne vir optrede moet beraam.
- Saam met die ander kerke praat oor wyses hoe ons as gelowiges slagoffers kan ondersteun.
- Saam met die owerhede – nasionaal en plaaslik – oor die saakgesprek moet voer. Saam dringend 'n gesprek met die Minister van Veiligheid en Sekuriteit moet aanvra.
- Ons gemeentes op plaaslike vlak moet vra om te besin oor strategieë om die uitdagings van misdaad daar aan te spreek.
- Almal moet oproep om ernstige voorbidding te doen vir ons land met die oog op vrede, geregtigheid en vooruitgang.